

Die ewige terugkeer van die wysgerig-antropologiese vraagstelling

C K OBERHOLZER

'n Eerste dwarskyk op die formulering van die betiteling van die onderhawige besinning laat blyk dat daar 'n vyftal konsepte is wat regstreeks afwisselend in die blikpunt van die bewussyn te staan kom, naamlik ewige, terugkeer, wysgerig, antropologies en vraagstelling. Enkele saaklike toeligtige ten dienste van verheldering en die blikveld daarvan kan dienstig vir die totale bedinking wees.

Dit is sekerlik nie nodig nie om daarop attent te moet maak dat die kernkonsep in die betiteling dié van die vraagstelling is. Om 'n vraag te stel, beteken dat die vraende nie weet nie, want waarom sou iemand 'n vraag stel indien hy reeds weet wat hy wil weet? So eenvoudig is hierdie vraagstellingsproblematiek egter nie. Die vrae kan die wydste denkbare spektrum dek en terselfdertyd van die uiteenlopendste aard wees. Daar kan baie soorte vrae gestel word waarop baie soorte antwoorde moontlik is; die antwoorde kan weer nuwe vrae laat ontstaan, die antwoorde waarop wesenlik nuwe vrae huisves. Verder is daar beskeie en brutale vrae, intelligente en dom, toelaatbare en ontoelaatbare, ingewikkelde en moedswillige vrae. Daar is die gesegde dat een dwaas meer vrae kan stel as wat tien wyses kan beantwoord; daar is vrae waarop 'n regstreekse antwoord moontlik is en daar is vrae waaroor 'n mens dae, maande, jare en selfs 'n leeftyd kan pieker. Ook is daar vrae wat van loutere en selfs lastige nuuskierigheid blyke gee, en daar is vrae wat uit egte weetgierigheid as 'n onversadigbare dors na kennis en insig gebore word. En daar is vrae wat verband hou met die ondeurgrondelike en misterieuze dieptes van ons menswees waarop van mensekant gesien, geen antwoord moontlik is nie. Dit is vrae wat uit die kern van die eksistensie voortkom soos wanneer die beplande en so gehoopte realisering van die gekoesterde toekoms deur krisissituasies aan skerwe kan spat, of veral wanneer 'n mens jou gegrepenheid in en uitgelewerdheid aan grenssituasies in hulle ondeurgrondelikheid belewe. Daar is net een antwoord: eervolle oorgawe deur heroïeke aanvaarding en gehoorsame berusting.

Wat op hierdie stadium reeds dik onderstreep moet word, is die feit dat die haas onoorsienbare reekse vrae vanaf selfs 'n vroeë leeftyd tot die lewenseinde op baie gevorderde leeftyd getuieis gee van die feit dat mense bestaan geen vanselfsprekende en vanselfgebeurende is nie, en bygevolg nie binne die raamwerk van 'n blinde, kou-

saal-meganiese gedetermineerdheid en voorspelbaarheid wat die afloop daarvan betref, val nie. Sy totale bestaan oor die gehele spektrum daarvan met elke moment daarin verloop langs onbekende en ongebaande weë. Die bestaan is oop; dit is loutere moontlikheid. Geen mens weet wat hom op die pad kan oorval en wat die toekoms in sy skoot aandra nie. Hy is onderweg na 'n verborge toekoms waarin sukses of mislukking, suurheid of soetheid, niks minder nie as die rykste kaleidoskopiese verskeidenheid eventualiteite verskuil lê. Dit beteken net een ding, en dit is dat die mens tydens sy mundane bestaan selfs aan die hand van die vasste en betroubaarste stel norme in *ignoramus* en selfs *ignorabimus* sy lewe tot die einde daarvan lei. Hierdie uitdrukking moet egter reg verstaan word. Dit dui nie op die ontkenning of die verwerping van geloofswete nie, maar op die aandeel van rasonale insig in die met hom gebeurende asmede die afloop van die toekoms waarmee hy en sy verbondenenes so onlosmaaklik gemoeid is. Hy weet nie wat voor die deur staan en wat hom selfs sonder eie toedoen op die pad kan oorval nie. Geloofswete daarenteen is aanvaarde 'sekere kennis' aangaande God en sy beloftes, gepaard met 'n hartlike vertrouwe dat sy uiteindelijke bestemming veilig en gereserveer is, en dat hom al sy skuld om wille van die soenverdienste van Christus vergewe is. Dit beteken allermins dat die geloofswete hom nou 'n bewysboek verskaf waarop die endossement verskyn 'immuun teen misdaad of struikeling'.

Daar is vervolgens sprake van wysgerige vraagstelling, wat beteken dat daar tussen wysgerige en nie-wysgerige vraagstellinge onderskei moet word. Hierdie onderskeiding tussen soorte vraagstellinge moet net nie as 'n skeiding gesien word nie. Vervolgens moet daar ook nie van die gedagte uitgegaan word dat slegs die geskoolde vakwysgeer tot wysgerige bevraging in staat sou wees nie. Die volgende moontlik aanvegbare stelling kan dan ook gemaak word, naamlik dat elkeen wat mens is, ook as wysgeer bestempel kan word, afgesien daarvan of hy al ooit met die eenvoudigste wysgerige teks kennis gemaak het. Wysgerige vraagstelling, of dan minstens vraagstellinge met 'n wysgerige inslag, is 'n onloënbare menslike verskynsel. Dit is met ons menswees as vraende synde te wees meegegee. Die merkwaardige is dan ook dat selfs 'n vierjarige tot verrassende wysgerige vraagstelling in staat is. Die bekende Karl Jaspers beskrywe die gesprek wat tussen 'n grysaard en sy kleinkind tydens die bestyging van 'n hoë gebou deur middel van trappe plaasgevind het. Met die binnegaan van die konstruksie het die knapie vraendbevestigend opgemerk dat die gebou nie altyd daar was nie, waarop Oupa bevestigend geantwoord het. By die toegang tot die eerste vlak het 'n groot potplant gestaan wat die vraende opmerking ontlok het dat dié plant nie altyd daar was nie. Hierop het die grysaard geantwoord dat die plant net soos die gebou nie altyd daar was nie. Op die

tweede vlak was 'n soortgelyke plant wat die kind laat opmerk het dat dié nie altyd daar sal wees nie, waarop Oupa eweneens met 'n bevestigende 'nee' geantwoord het. Op die toegang na die derde en vierde vlakke het dit oor Oupa gegaan ten effekte dat hy nie altyd daar was of sal wees nie. Ook hierop het Oupa dieselfde tipe antwoorde as op die vroeëre vrae gegee. Die hoogtepunt was egter toe die kind op die toegange na die vyfde en sesde vlakke homself onder die vraagteken geplaas het: en ek was nie altyd hier nie en sal ook nie altyd hier wees nie? Ook op hierdie vraende stelling het die grys-aard bevestigend geantwoord, al was dit telkens 'n bevestiging langs die weg van die ontkenning. Wanneer sulke vraende ontkenninge selfs uit die mond van 'n kind geen wysgerige inslag vertoon nie, verstaan die skrywer homself en die medemens nie meer nie. Die vraag is wat ten grondslag van hierdie soort vraagstelling soos 'n mens dit reeds by 'n kind aantref, geleë is. Hierop moet geantwoord word dat ook die kind as volledige mens sy betrokkenheid by en gegrepenheid in grenssituasies belewe en wel dié van begin en einde, van tydelikheid en tydelikheid en dus van verganklikheid, verskeurdheid, nietigheid en sterflikheid. Dit beteken geensins dat hy rasionele wete van grenssituasies het nie, maar dat hy sy bestaan in die genoemde eksistensialia belewe sonder dat hy hulle kan formuleer.

Op hierdie stadium kan dit gerade wees om kortliks te meld wat onder wysgerige denke verstaan moet word. Nou moet egter weer dadelik daarop gewys word dat daar selfs onder vakwysgere geen eenstemmigheid bestaan oor wat onder wysgerige denke verstaan moet word nie. Soveel wysgere, soveel opvattinge oor die taak-karakter daarvan. Eintlik is dit dan ook so dat die filosofie wat 'n mens kies en die vraende filosofering wat jy beoefen, daarvan afhang water soort mens dat jy is. Vir die skrywer hiervan dui wysgerige denk-arbeid op die radikale en die sistematiese deurdenking van die geheel van alles wat is. Sodanige denk-arbeid probeer deurdring na die verborge gronde waaruit verskynsels voortkom en waarop hulle dui, dus die waaruit en die waartoe van verskynsels. Aristoteles het onderskei tussen 'n oti- en diotiproblematiek. Eersgenoemde hou verband met die waar, die wat, die wanneer, die hoe ver, die hoe lank, die hoe vinnig, ensovoorts van verskynsels, terwyl die dioti-problematiek hom rig op die waaruit en die waartoe, dus die gronde en die sin van veranderinge en gebeurtenisse. Die otivraagstuk voorsien ons van betreklik noukeurige en selfs afdoende antwoorde, terwyl die diotiproblematiek tot voorlopige en soekende antwoorde dwing.

In die betiteling van die onderhawige besinning is daar sprake van wysgerig-*antropologiese* bevraging. Dit beteken dat die mens in die blikpunt van die radikale en sistematiese besinning te staan kom. Die wetenskap wat hom met 'n sodanige bedinking van die mens

besig hou, staan as die wysgerige Antropologie of die filosofiese Menskunde bekend. Nou sal dit geen oordrywing wees nie wanneer beweer word dat die filosofiese Menskunde as die sentrale dissipline in alle wysgerige denkarbeid beskou moet word. Die mens laat hom ken as wese met selfbewussyn, dus as wese wat wete aangaande homself het, maar terselfdertyd 'n wete wat die onrus wek en wakker hou, en daarmee die spanning voortdurend verhoog. Selfontdekking met die gepaardgaande wekking van onrus en verhoging van spanning is vanuit wysgerig-antropologiese oogpunt die grootstes wat die mens kan maak. Dit beteken dat die antropos sy eie antropoloog huisves, maar 'n antropoloog wat weinig raad met sy eie antropos weet. Hy loop hom vas teen die geheimenis wat hy met homself omdra. Elke poging tot afdoende wesens-, plek- en taakbepaling is dan ook tot mislukking gedoem: die mens is meer en anders as wat hy of enigiemand anders van homself kan weet. Hy laat hom nie in 'n vaste stel afgebakende begrippe vasvang nie en finale selfdefiniëring is 'n onmoontlikheid. Die oomblik dat die antropoloog meen dat hy die mens wat hy bedink, in 'n definisie vasgevang het, is die gedefinieerde vanweë sy veranderende gesitueerdheid in die vloeiende tyd nie meer waar hy was en wat hy was nie. En tog wil hy weet waar hy is, wie hy is en wat dit is wat is ook as die hom omringende en die hom ontmoetende. Hy hunker na kosmiese selforiëntasie. Nou is dit vanuit hierdie selfbevragede selfontdekking dat die aangrypende van die filosofering as liefdeshunkering na die wysheid ontwaak, 'n wysheid wat vastigheid bied ten einde te weet wat daar gedoen moet word om as 'n mens en veral as 'n wyse gereken te word synde daardie iemand wat in sy ontmoetende en ontmoetwordende omgang met 'n verborge toekoms as wyse sal kan handel.

Laastens is daar van 'n ewige as altyd terugkerende bevraging sprake. Eintlik is dit nie nodig en ook nie moontlik om skerp tussen 'ewige' en 'terugkeer' te probeer onderskei nie. Immers, wat ewig of altyd is, keer steeds terug en dit wat sig telkens weer aankondig, gee blyke van iets wat vasstaan en terselfdertyd so vasstaan dat dit van 'n onveranderbare aard is. Die gedagte van die ewige terugkeer sou nie moontlik wees nie indien daar geen gemeenskaplike, altyd sig herhalende komponente onder en tussen die mensekinders oor die opeenvolgende geslagte gewees het nie. Die individuele mens oor al die eeue, afgesien van sy ouderdom kleur, geslag, ras of geloof was en bly 'n *specie* van die *genus* mens waaruit dan ook met alle goeie reg gekonkludeer mag word dat elke individuele mens iets van die mensheid en van die menslikheid in hom omdra en ook daarvan blyke gee. Die mens was en is menslik en in alles menslik, selfs wanneer hy onmenslik optree, aangesien ook onmenslikheid net by die mens aangetref word. Wanneer iemand van homself sê dat hy 'n mens is, beteken dit dat hy aan die menslike en nie aan die dierlike,

die plantlike of die dinglike orde behoort nie en ook nie aan die goddelike nie. Hy behoort tot 'n eiesoortige en eie-aardige orde. Daar word so geredelik van die goddelike in die mens gepraat. Nou besit die mens geen tikkie goddelikheid nie, selfs al is hy 'n weinig minder as 'n goddelike wese. Hiermee word nie voorgegee dat die mens nie van sodanige maaksel is dat hy God nie sal soek nie. Wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat hierdie soeke na God menslike soeke is met alles wat daarmee saamgaan.

Elkeen wat mens is, het deel aan bepaalde menslike grondvorme met eiesoortige gestruktureerdhede. Laasgenoemdes gee uitdrukking aan die algemeen-menslike; hulle bied 'n beeld van die menslike bestaan, daarby 'n beeld wat deur 'n besondere dinamiek gekenmerk word, dus grondvorme-in-funksie. Die antropiese gestruktureerdheid maak dan ook die strukturele onderbou uit van 'n voltooide menslike vorm. 'n Sodanige voltooidheid is egter betrokke by en gemoeid met 'n onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd. Vanaf die geboorte tot die dood is hy voltooide vorm, egter geen vorm *quo* vorm nie, maar vorm-in-funksie-in-die-vloeiende-tyd. Nòg die funksie nòg die tyd kan voltooide en voltooibare funksies in 'n voltooide en voltooibare tyd word. Ën funksie òn tyd bly onvoltooid en onvoltooibaar.

Na die oordeel van die skrywer hiervan is dit die so-ewe genoemde antropiese oerfeite wat grootliks verantwoordelik is vir die ewige terugkeer van die wysgerig-antropologiese vraagstelling. Die mens is paties-eties-dinamiese gerelationeerde met die werklikheid waarheen hy uitgaan en waardeur hy tegemoet getree word. Laasgenoemde vorm die keerkant van die so-ewe gemaakte stelling van 'n onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd. Dit is hierdie antropiese oerfeite wat die mens by die menswording as etiese eksistensialiteit betrek en hom daarby betrokke hou. Die mens wat iemand is, moet aanhoudend die mens word wat hy behoort te wees. Dit beteken allermins dat so iemand iets anders as 'n mens gebore is en bygevolg nog eers 'n mens moet word of dat hy iets anders as 'n mens kan word. As mens is hy gekonfronteer met die vraag wat daar gedoen moet word om as 'n menswaardige mens gereken te word. Iemand kan immers soos 'n mens lyk sonder dat hy 'n mens is. En om as 'n menswaardige gereken te word, is hy ononderbroke gemoeid met 'n etiese problematiek van formidabele omvang. Daar moet gedyend voldoen word aan die eise van die reine menslikheid. So iets is moontlik vanweë die feit dat hy geen loutere 'Soseinmüssen' is nie, maar 'n 'Anderswerdenkönnen' vanweë 'n 'Anderswerdenmüssen' teen die onderbou van 'n antropologies-ontologiese 'Anderswerden sollen'. Dit beteken onder andere dat die mens met die idee van die mens as die ontvouing van sy eidos of wese gemoeid is. So iets is alleen moontlik omdat hy die draer van personale waardig-

heid en die verklankingsmedium vir die eise van die reïne menslikheid is. Hy is verordineer om aan die hoogste menslikheid gedyend vergestaltung te gee. Die mens is nou maar eenmaal geen gevangene in en uitgelewerde aan biologiese drifmatighede nie, maar essensieel gegrepe in sedelike imperatiewe as altyd geldende eise van behoortlikheid met sodanige geïmpliseerde norme aan die hand waarvan hy die lewe van 'n menswaardige mens kan lei.

Die menslike betrokkenheid by die menswording in die gedaante van 'n eksistensiële-etiese dinamiek vertoon die kenmerk van voortdurende verandering in die tyd waarmee terselfdertyd die veranderlikheid van die mens gepostuleer moet word. Niemand kan ontken nie dat daar grootse veranderinge vanaf die prilleste jeug tot die hoogste grysheid plaasvind sodat met reg van die veranderlikheid van die mens gepraat mag word. Hierdie feit van die veranderlikheid is deesdae so markant dat niemand die asemblerowende veranderde en veranderende mens in 'n veranderde en veranderende wêreld kan betwyfel nie. Dit beteken allermins dat die grondvorme of die oerstrukture van ons menswees ook verander en daar bygevolg van die veranderbaarheid van die menslike geaardheid gepraat mag word. In weerwil van die verbysterende en selfs ontwrigtende uitwerking van die tempo waarteen die veranderinge mekaar opvolg, het die mens van ons dag dieselfde geaardheid as die mens van alle tye. Hy is op 'n ander manier kind, volwassene en grysaard as gedurende vroeëre tye. Die hunkeringe en die node bly basies dieselfde; hy soek langs ander weë en veral op 'n ander manier voldoening en verligting. Nou is dit juis vanweë die onties-perenniale in sy funksioneel-temporele opset dat die veranderlikheid moontlik is. Terselfdertyd is dit so dat die ontiese perennialiteite in hulle terugkerende funksie met die vloeiende tyd die konsep van die onveranderbaarheid-in-veranderlikheid bevestig.

Op hierdie stadium moet die kernvraag aandag geniet, naamlik watter voltooide grondvorme met hulle onvoltooide funksie in 'n onvoltooide tyd onderskei kan word. Daar is verskillende sulke grondvorme wat genoem kan word. Alvorens dit te doen, moet nadruklik daarop gewys word dat die grondvorme wel onderskei kan word, maar dat hulle geensins skeibaar is nie. Die onderskeidinge verteenwoordig alleen soveel differensiering van 'n ooreenheid van vorm-in-funksie-in-die-tyd, naamlik van ontmoeting en ontmoetwording. Die volgende met beperkte saaklike toeligting kan genoem word:

Menswees is 'n eksisterende IN en AAN die wêreld gemoeidheid

Die mens is uittredende, handelende, evaluerende, belewende, beplannende, ontwerpde en verwagte synde wat vanuit sy eksistensie op 'n teenwoordigheid elders intensionaliseer, dus reeds dáár by en met 'n beplande toekoms is. Sy toekoms is waar sy fenomemo-

logiese hart is, maar terselfdertyd 'n teenwoordigheidsveld meebring waarin die vergestaltung daarvan op radikale wyse versteur kan word. Hy ontwerp 'n toekoms waarheen hy onderweg is. Tog weet hy dat die onverwagte en selfs die ongewenste hom op die pad kan oorval. Van sy kant laat hy dinge gebeur, maar terselfdertyd is dit so dat daar kragte en magte is wat met hom speel, waarteen hy weinig verweer het.

In regstreekse aansluiting by die voorafgaande moet die mens se *uitgelewerdheid aan en gevangeskap in grenssituasies* vermeld word. Daar is die vertroude situasies waaruit gehandel moet word, maar daar is ook sy betrokkenheid by krisissituasies soos die opdoen van ongeneeslike siektes, die verlies van bemindes, berowing van eiendom, ensovoorts en daar is ook sy gevangeskap in en uitgelewerdheid aan grenssituasies. Hulle staan soos mure en versperringe waarteen die mens hom vasloop. Jaspers noem 'n vyftal sulke grenssituasies, naamlik historisiteit, stryd, skuld, lyding en die grootste van almal: die dood. Die skrywer hiervan sien ook die geboorte as so 'n grenssituasie. Niemand het aansoek gedoen om gebore te word nie en niemand het enige beheer gehad oor die plek en tyd van sy geboorte, die sosiaal-kulturele milieu waarin hy gebore en getoë is, sy ouers, sy kleur, geslag, biopsigiese kwaliteite ensovoorts nie. Ons gevangeskap in grenssituasies dui geensins op mislukking nie, maar impliseer die hoogste appèl om hulle te aanvaar en tot sierade van ons lewe te verwerk.

In sy eksterioriteit funksioneer die menslike grondvorm as 'n *eksistensiële-paties-eties-dinamiese betrokkenheid* waarby hy nie alleen persoonlik gemoed is nie, maar wat hom vanweë die oorsig van die hom ontmoetende sy verlorenheid (nie in godsdienstige sin nie), sy ongeborgenheid en uitgelewerdheid aan realiteite van buite laat belewe. Hy ervaar sy alleenheid of solitêriteit; hy is wese in eksistensiële nood wat hom soos sy eie skaduwee dwarsdeur sy lewe vergesél. Die mens is oerlik noodbelewende synde, 'n realiteit wat hoogstens verlig, maar nooit verwyder kan word nie.

Vanuit sy noodbelewende gesitueerdheid is hy *roepende synde na dié medemens* wat hom ter wille sal wees en bereid is om sy nood te verlig. Wat sy mundane bestaan betref, is hy solitêriteit-in-solidêriteit. Menswees dui op medemenslike gemoedheid. Sy eksistensiële noodroep beteken dat sy bestaan agogies gepredisponeer is; hy is medegangergemoede, afhanklike van en aangewesene op dié iemand wat bondgenoot en noodgenoot kan wees. Kortweg, hy is agogies-dialogies-dialekties-prospektiewe synde. Die kind het die nood aan 'n welwillende volwassene en grysaard. Omgekeerd het die grysaard en volwassene wedersydse nood aan sowel mekaar as 'n kind. Die mens se lewensgang voltrek sig vanaf geleide afhanklikheid deur ge-

leide selfstandigheid tot selfgeleide selfstandigheid in voortdurende afhanklikheid van die ander.

As voltooide menslike synsvorm is hy *geïndividueerde personale ongeslotenheid* en daarmee loutere moontlikheid met sy pynlike keer-kant van voortdurende feilbaarheid. Hy is *homo viator*; die weg is belangriker as die herberg, maar 'n weg so onbekend en onvoorspelbaar wat die verloop en die afloop daarvan betref. Die gapende afgrond is en bly ongenooide en selfs ongewilde medeganger. 'n Sogenaamde deugoutomatie is totale vreemdheid aan menswees.

As personale ongeslotenheid is hy terselfdertyd *draer van waardigheid of digniteit*, 'n eerbiedwekkende geheimenis met die geïmpliseerde sedelike imperatief om behoeder van eie digniteit te wees asmede die hoeder van dié van die medeganger en selfs die teëstander op die lewensweg. Behoud en beoefening van selfrespek gepaard met die beskerming en die aktivering van die vaardigheid van die ander beteken die gedyende vervulling van die hoogste sedelike imperatief. 'n Sodanige funksievoltrekking in die vloeiende tyd steun op die antropies-ontiese oerfeit van gelykwaardigheid-in-ongelykheid. Elkeen is die gelykwaardige van elke ander, maar niemand se gelyke nie. Indien dit anders moes wees, sou die ageinskonsept geen sin en betekenis hoegenaamd hê nie, en sou die handhawing van digniteit 'n bespotting van en vir die mens wees.

In teenstelling met die dierlike sentrisiteit is *die mens eksentries*.

Hy kan uit sy eie middelpunt tree, hom as 't ware van homself distansieer, met homself te rade gaan en homself onder die vraagteken van sedelike behoortlikheidseise plaas. Hy lei immers sy eie lewe en hy doen dit aan die hand van norme wat as rig- en meetsnoere vir sy lewe van keuses dien. Dit is 'n ander vraag of hierdie norme op duursaamheid, betroubaarheid, onskendbaarheid, suiwerheid, sinvolheid, noodwendigheid, algemeenheid, algemeengeldigheid en veral die bevordering van eie en andermansdigniteit aanspraak kan maak.

Die voltooide grondvorm van die onveranderbaarheid van die menslike geaardheid funksioneer in 'n *wêreld van verandering met die tydsverloop* sodat daar met alle goeie reg van 'n onveranderbaarheid-in-veranderlikheid gepraat mag word. Hierdie grondvorm dui dan ook daarop dat dit nie gaan oor veranderlikheid-in-die-tyd ter wille van verandering nie, maar oor die noodsaaklikheid van voortdurende kritiese bevraging van die sedelike toelaatbaarheid van die voorgestelde of deurgevoerde veranderinge as 'n eventuele verbrekking van die wetmatighede van die onveranderbaarheid van die menslike compositum.

Die mens is *historisiteit-as-toekomstigheid*. Sy bestaan is intiem gemoeid met die vloeiende tyd. Die belewing hiervan word gewek vanweë ons gemoeidheid met en afgestemdheid op 'n toekoms waar-

heen ons onderweg is, maar terselfdertyd ook een wat na ons kom. Hierdie uitgaan na en ontmoet word deur die nog onbekende maak ons tydbesef en tydsbewussyn so reëel en daarby so aktueel. Daar word dan ook met reg van die tydlikheid as 'n verweefdheid met die tyd van ons menswees gepraat. Laasgenoemde is nie alleen 'n in-en-aan-die-wêreld-wees nie, maar ook 'n in-en-aan-die-tyd-as-spanningsvolle teenwoordigheid by die nog-nie as die in-aantog-wees van die nogverbogene.

Naas die tydlikheid is daar ook die tydelikheid wat op 'n begin en 'n einde dui. Tydlikheid en tydelikheid komplementeer mekaar; hulle word deur die konsep van die historisiteit oorkoepel, beter nog: tydlikheid en tydelikheid is differensiëring daarvan. Die mens is historiese synde: eerstens is hy historisiteit as tydelikheid, tweedens as onherhaalbare en onvervangbare unisiteit en derdens as tydlikheid in toekomspektief, maar dan ook toekoms-met-opdrag as toekomstigheids-in-genormeerdheid.

Daar is vervolgens ook die grondvorm van die *kulturaliteit*. Die mens is 'n wese *sui generis* wat beteken dat hy in terme van sy eie soortlikheid uitgelê moet word. Hy is kultuurwese en bygevolg geen weeskind van die natuur of 'n verlengstuk daarvan nie. Die sogenaamde natuurlike by die mens is geen natuurlikheid *quo* natuur nie, maar is telkens kultuur en dus as ontvouing van menslike natuur. Laasgenoemde is geleentheid-met-opdrag ten effekte dat sowel die eie natuur as die natuur om hom bewerk en veredel moet word. Dit hou die innigste verband met die betrokkenheid van die mens by die menswording.

'n Uitstaande kenmerk van die voltooide menslike grondvorm met onvoltooide funksie in die vloeiende tyd is dat hy as *lyflikheid-in-kommunikasie* gesien moet word. Hy belewe sy teenwoordigheid by 'n aanwesige werklikheid as lyflikheid-met-toekomstigheids. Die menslike liggaam is nie iets wat hy naas en soos ander liggames, objekte en dinge het nie, maar wat hy is, vandaar dat van die lyflikheid van die mens gepraat word. In die gewone dialoogvoering is die mens baie selde, indien ooit, daarvan bewus dat hy 'n liggaam het. 'n Sodanige ontdekking word eers gemaak wanneer die liggaam wat iemand het, hom op die een of ander punt daarvan in die steek laat en hy dientengevolge gekortwiek word om aan sy beplande toekomstigheids gestalte te gee. Daarbenewens moet in die gedagte gehou word dat die mens nie iets met aanwysbare, meetbare en reduseerbare eienskappe is nie, maar as 'n inisiatief van verhoudings tot 'n wêreld wat hy kies en waardeur hy gekies word. Hy is nie die somtotaal van liggaam plus siel plus gees plus . . . nie, maar dialoog-in-lyflikheid met nadruk op die gesig as die uitstaande trefvlak vir kommunikasie. Die eie gesig is nie net gesig vir sy draer nie, maar

bowe-al uitnodiging en appèl aan die ander om aanvaar en geleide gedoen te word.

Laastens is daar die grondvorm van *die religiositeit*. Die ondervinding leer en die geskiedenis bevestig dat die mens na insig in die samehang van die hom omringende verskynsels en ook die dinge wat met hom gebeur, soek. Dit is ook so dat die wysgerig-antropologiese vraagstelling op rasonale verantwoording afgestem is. En tog is dit nie minder so nie dat enige wysgeer wat sy sout werd is die grense en begrensdhede van die menslike kenvermoë sal erken. Die mens lewe nie net uit sy verstand nie, maar ook uit sy wil, sy sin vir waardes en bowe-al uit vertroue. In die diepste van sy wese lewe die mens uit die sekerhede van sy gemoed wat net so seker is as die sekerhede van die verstand. Vertrouensaangeleenthede is sake van die geloof; dit is irrasionele wete wat afdoende van aard, maar intiem persoonlik is. Hierdie wete ontwerp geen stelsel of dogma wat voorskrywe hoe daar geglo moet word nie. Die gelowige onderskei hom op hierdie vlak radikaal van die profane wetenskap, nie in die sin dat hy 'n andersoortige wetenskap beoefen of oor 'n ander denkstruktuur beskik nie, maar dat sy wilslewe op 'n besondere rangorde van waardevoorkeure en hulle verwesenliking ingestel is. Hy voel hom vasgegryp deur 'n Mag uit die gebied van die Gans-Andere. Die sekerheid van hierdie gegrepenheid gee hom vertroue in die sinvolheid van sy bestaan en is hy eintlik nie meer 'n waagstuk nie, maar waag hy die sprong in die absurde deur die geloof wat 'n vertrouensfunksie beliggaam. Alle transendering is dan 'n transendensie tot God.

'n Opsommende terugblik:

In die voorafgaande is 'n twaalfstal voltooide antropiese grondvorme met onvoltooide en onvoltooibare funksie in 'n onvoltooide en voltooibare tyd onderskei en saaklik toegelig. Die aantal maak nie saak nie; hulle kan deur samevoeging verminder of deur toevoeging vermeerder word. Wat wel saak maak, is dat daar sulke grondvorme is waaruit die ewige terugkeer van die wysgerig-antropologiese vraagstelling voorkom en waarin dit veranker is.

Die kritiese leser mag moontlik vra wat die genoemde grondvorme met die tematiek in die betiteling te doen het. Die antwoord hierop is dat hulle alles daarmee te doen het. Indien dit anders moes wees, sou ons met 'n anderse wese as die mens soos ons hom oor al die eeue leer ken het, hoe gebrekkig en ontoereikend dié ook mag wees, te doen hê. Sonder die genoemde grondvorme sou daar geen vraagstelling, geen wysgerige en geen wysgerig-antropologiese vraagstelling van 'n ewig terugkerende aard wees nie. Hoe dit dan met ons menswees gesteld sou wees, weet niemand nie.

Die wysgerig-antropologiese vraagstelling het sy gronde en sy

duidinge. Dit is die antropos wat sy eie antropoloog nooit permanent die swye kan oplê nie wat die *anthropologica perennis* in die gedaante van die *philosophia perennis* sy opwagting laat maak. Laasgenoemde is 'n uitdrukking wat deur Steuchus Eugubinus met sy *De philosophia perenni* van 1540 eiendom van die wysgerige vaktaal geword het. Aanvanklik het die uitdrukking op twee sake gedui: 'n ondersoek na die ooreenheid van die universele en ewige grondwaarhede wat vir die filosofie vir oopdekking in die vooruitsig gestel word en daarmee samehangend die volgehoue poging tot opsporing van die in sy verborge, maar tog bevrydende opset van die nawerkende Griekse erfenis in sy kontinue voortgang. In die kontemporêre denke was dit deels Nicolai Hartman (1882-1950) wat die *philosophia perennis* sien as die nimmereindigende en die dus nooit tot rus komende worstelende omgang van die mens in sy gekonfronteerdeheid met die totale werklikheid in die gedaante van egte probleemdenke. Dit was egter by uitstek Karl Jaspers (1883-1968) wat die *philosophia perennis* gesien het as die voorstuwende tot eenheidbindende-in-historiese kontinuïteit en daarmee tyd en ruimte oorskreidende, lewende filosofering waardeur saamfilosofering as dialoogvoering met alle denkende grootmeesters moontlik word. Die gemeenskaplike in al die moontlike wyses van vergestaltung lê daarin, naamlik dat die *philosophia perennis* uitdrukking gee aan die konstant terugkerende, voortdurende, ewigblywende en daarmee sig herhalende, dus die mens nooit met rus latende, altyd voorstuwende verborge onrustigheid. Daar is 'n oerhunkering na kosmiese selforiëntasie: hy wil weet wie hy is, waar hy is, wat dit is wat is en wat die verborge toekomstigheid waarmee hy eksistensiële-eties gemoed is, vir hom persoonlik inhou.

Met verwysing na die voorafgaande sou daar met eweveel reg ook van 'n *anthropologica perennis* gepraat kan word en dit omrede die mens die enigste lewende synde is by wie die filosofering as 'n primêr vraende aangeleentheid aangetref word en by wie dus die verborge onrustigheid perenniaal werksaam is. Die mens weet van homself en van dit waarmee hy partisiperend gemoed is. Hierdie wete bevredig hom egter hoegenaamd nie, aangesien hoe meer hy dink dat hy weet en ook inderdaad weet, hoe meer hy weet dat hy nog nie weet nie en nooit afdoende sal weet nie. Hy is nie alleen *ignoramus* nie, maar volledig *ignorabimus*. Hierdie *anthropologica perennis* is dan ook die tehuis as die strydtoneel van die wysgerige antropologie: *die ewige terugkeer van die vraag vanuit die mens aan die mens in verband met die mens*. Dit is die mens wat die vraag stel; hy stel die vraag vanuit die kern van sy eksistensiële nood aan homself in sy geïntensionaliseerdeheid op verborge toekomstigheid. Immers, *hy is en bly eksistensiële onrustigheid as prospektiwiteit in gekonfronteerdeheid met die eise van die reine menslikheid in die aangesig van verborge toe-*

komstigheid. Nou is dit onteenseglik so dat niemand die kwintessens van die wysgerig-antropologiese vraag nog ooit beter gestel het nie as Immanuel Kant: 'Die grösste Angelegenheit des Menschen ist zu wissen wie er seine Stelle in der Schöpfung gehörig erfülle und recht verstehe, was man sein musz, um ein Mensch zu sein.'

Om 'n mens te wees, beteken om met 'n misterie-belaaide vraagstuk vir homself gekonfronteer te bly. Terselfdertyd huisves hierdie vraagstuk ook die aanhoudende appèl om as waagstuk die toekoms in sy verborgenheid vertrouend en verwagting tegemoet te tree. Wie die toekoms vanuit die perenniale eise daarvan met die ander in verantwoordelikheid en wedersydse afhanklikheid bewaag, 'weet' dat hy 'n onlosmaaklike deel van die groot geheel is en sy belange ondergeskik moet maak aan dié van die geheel; dat hy elke oomblik òf remmend òf bevorderend op die belange van die geheel inwerk en derhalwe mede-verantwoordelik is vir die afloop van die toekoms, en laastens dat hy nie alleen staan nie, maar Hoëre Magte en Diepere Gronde tot steun- en bondgenoot het.

Dit kan nie anders nie as dat enige wysgerige antropologie wat enigsins op omvattendheid aanspraak wil maak, plek moet inruim vir die kofessionele, die lewe van geloof en belydenis. Daar moet voortdurend in die gedagte gehou word dat die wetenskap ook as wysgerige denkarbeid nooit volledige gemoedsrus kan bied nie. In laaste instansie wat inderdaad die eerste is, soek die mens nie na 'n sleutel waarmee hy sowel homself as alle kosmiese geheimenisse kan ontsluit nie, maar na 'n slot, die sleutel waarvan in die besit van Iemand Anders is, Iemand wat sal oopsluit wanneer daar geklop word.